

Die Oorgegewe Lewe

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B174b Eng/Afr.

Skriflesing uit: Efesiërs 2:1-10

Kernvers :8 –‘Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God.’

Die oorgegewe lewe of die omgeruilde lewe – daar is ‘n verskil tussen die ‘redding’ van jou siel en ‘verlossing’. Niemand kan voor God staan as jou sondes nie vergewe is nie, daarom sal jy hemel toe gaan as jy gered is en vergifnis van jou sondes verkry het. Indien jy egter nog nie verlossing van jou sondes gekry het nie, sal jy ‘n lewe van neerlaag lei. Dit het God nie vir Sy kinders bestem nie.

Ons hoor gedurig van dreigende oorloë, ekonomiese ineenstorting, rampe, moord en dood en dit bring vrees in ons harte. Laat ons dus nou net vir ‘n wyle tot stilstand kom en ‘n rukkie stilraak voor God om na die dieper weg te kyk. Die Here het dit vir ons moontlik gemaak om te midde van al hierdie dinge in Sy rus in te gaan deur die krag van die Heilige Gees.

Ek glo daar is ‘n skynende lewe – wat mense kan sien! Daar is ‘n innerlike vrede en blydskap wat sigbaar is vir die wêreld. ‘n Lewe van vergenoegdheid, kalmte en rus in Jesus Christus onse Here.

Nou wat is die geheim? Dit is dat ons meer na Jesus moet kyk – slegs as die strale van die son op jou skyn kan jy die warmte daarvan voel. Slegs as jy in die lig staan sal jy die pad sien wat jy moet loop. Netso moet ons na Jesus kyk dat Hy ons fokus word.

Die Apostel Paulus het gesê: ‘Ek is saam met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Daar is dus ‘n oomblik wat jy die oorgawe moet maak en jou hand in Jesus se hand plaas en besef: nou leef ek nie meer nie maar Hy leef nou in my. . . Jesus het daardie eerste omruiling gedoen en Homself vir my opgeoffer!